Ruach Bediening Nuusbrief



April 2026

Sarel en Gerda Reinecke

In hierdie Nuusbrief

1. Gedagte vir die maand 2
2. Gebedsterapie sessies 2
3. Getuienisse 2
4. Sommer net 'n paar gedagtes 3
   a. 'n Jongman 3
   b. 'n Seuntjie vra eendag vir sy Pa 3
   c. Waarom die Woord/Skrif hardop bid? 4
5. So terloops 5
   a. Smous 5
   b. Meraai 5
   c. Mighty Men – Bosveld 2026 6
6. Beplanning vir volgende maande 6
7. Fisiese Wetenskap Aanlyn klasse 6
8. Afsluitings Gebed 7

1. Gedagte vir die maand



I Johannes 1:9

As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig.

Vader, ek kom nou na U toe in die wonderlike Naam van Jesus Christus. Ek dank U dat U Woord bepaal dat, as ek **MY SONDES BELY** , U is getrou en regverdig (1 Johannes 1:9) en U verwyder dit van my so ver soos die ooste van die weste (Psalm 103:12). Daarom kom ek nou en ek bely elke sonde wat ek tot vandag toe gepleeg het, voor U. Of dit verkeerde gedagtes was, verkeerde woorde, of verkeerde dade, Here U ken tog alles. Ook al my seksuele oortredings voor die huwelik en buite die huwelik, bely ek nou voor U as sonde.

(NOTA: Indien die Heilige Gees jou so lei, noem ook al die ander sondes wat Hy aan jou uitwys HIER hardop.**) Ek plaas dit alles vandag voor U Troon en ek bid dat U my asseblief nou sal vergewe. Dankie Here dat ek weet dat U Woord by herhaling sê U vergewe my nou werklik en U dink nooit weer daaraan nie (Hebreërs 8:12 en Hebreërs 10:17).

2. Gebedsterapie sessies

51	Gebedsterapie sessies in Centurion
1	Gebedsterapie sessies per Telefoon
28	Gebedsterapie sessies per Video Call
4	Gebedsterapie sessies in Delmas
24	Gebedsterapie sessies in Middelburg
5	Gebedsterapie sessies in Nylstroom
113	Totale gebedsterapie sessies vir die maand

3. Getuienisse



Die maand se terugvoer en getuienis wat ons gekry het in die bediening: (Dit gaan alles oor hoe Jesus ook jou, as instrument kan gebruik in Sy Koninkryk: Mat 5:16 Laat julle lig só skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik.)

Getuienis 1: Mag julle Seën ervaar soos ingestampte koringsakke en genoeg invloei hê om te kan aanhou deel in wat goed, mooi, opreg en eg is.

Getuienis 2: More Sarel. Ek is so dankbaar teenoor die die Here vir my vel probleem wat so verbeter het. Vir die eerste keer in n baie lang tyd is hy weer normaal en sonder enige probleem. Ek Loof en Prys die Here daarvoor!!!

Getuienis 3: Baie, baie, baie, dankie oom Sarel! Julle het ons so geseen met julle woord! Ek weet Vader gaan julle nog dieper vat, dat nog meer mense aan geraak word.

Getuienis 4: Ek wil net terugvoer gee. Dankie vir die Gebede wat jy vir my probleme gedoen het. My rug pyn is weg. My Angstigheid is minder. My man se gesindheid begin verander. Ek sit nie meer net in die huis nie. Die Here is goed vir my. Ek het opgestaan. Weer eens dankie. Sal vorentoe weer reël vir aan lyn berading. Mag God jou ryklik seën.

4. Sommer net 'n paar gedagtes

a. 'n Jongman

'n Jongman was 'n groot vloeker, maar dit het hom nie gehinder nie. Hy trou toe met 'n pragtige christen meisie. Daarna begin hy sy vloekgewoonte in 'n ander lig sien en probeer hy om dit af te leer. Een oggend, voor hulle sou kerk toe gaan, staan hy en skeer. Hy sny hom raak. Voor hy homself kon keer roep hy ergerlik uit: "o God!" Toe eers sien hy hoe sy vierjarige dogtertjie, pop in die arms, vir hom staan en kyk. Sy sit haar pop neer en kyk met vonkelende ogies rond in die badkamer. "Is God hier?" vra sy opgewonde.



Die man word rooi in die gesig en skaam vra hy: "Hoekom vra jy so?" "Ek het gedink God is hier want ek het gehoor Pappa praat met Hom." Sy sien die ontnugterde uitdrukking op sy gesig. "Roep Hom weer, Pappa. Ek weet Hy sal kom as Pappa Hom roep." Die kindjie se woorde sny diep in sy hart in. Hy tel haar op in sy arms en met 'n snik druk hy haar teen hom vas en vir die eerste keer roep hy regtig tot God, om hom te vergewe en hom sy kind te maak en hom te help om soos 'n christen te lewe. In daardie oomblik het hy vry geword van sy vloekgewoonte. Saam met sy vrou het hy 'n toegewyde christen geword.

As 'n vloekwoord in 'n gesprek uitglip, is dit soos wanneer 'n mens 'n brief skryf en elke nou en dan is daar 'n klad. Die ergste vloekwoorde is seker wanneer ons God se Naam vir 'n vloekwoord gebruik; of die Naam van Jesus Christus, wat vir ons gely en gesterf het om ons te red, vir 'n vloekwoord gebruik. Die Here se Woord praat met ons oor die vloekgewoonte. Dit lyk of dit onder die vroeë christene ook 'n probleem was. In meer as een sendbrief praat die apostels oor die probleem van kwaad word en vloek: "Moet nooit verbitter of opvlieënd wees of woedend word nie; moenie vloek of skel nie." (Efes 4:31).

"Maar nou moet julle al hierdie dinge laat staan: woede, haat, nyd en gevloek. Vuil taal moet daar nie uit julle mond kom nie…" (Kol.3:8). Gelukkig gebruik Jakobus bemoedigende woorde, (vir ons) as hy oor die tong se onbedwingbaarheid skryf: "Ons struikel almal in baie opsigte. As iemand nooit struikel in wat hy sê nie, is hy volmaak…" (Jak.3:2). Ons verdere bemoediging in ons struikelinge kom uit 1 Johannes 1:9: "As ons beweer dat ons nie sonde het nie, bedrieg ons onsself en is die waarheid nie in ons nie. Maar as ons ons sondes bely – Hy is getrou en regverdig, Hy vergewe ons ons sondes en reinig ons van alle ongeregtigheid."

b. 'n Seuntjie vra eendag vir sy Pa



'n Seuntjie vra eendag vir sy pa: "Pappa, wanneer jy in 'n vliegtuig sit, ken jy gewoonlik die loods?" Sy antwoord was, "Nee, ek ken hom nie."
Toe sê hy, "Maar Pappa is ontspanne en geniet gewoonlik die vlug, nê?" Hy sê dat dit so is.

Toe vra hy weer, "En as Pappa op 'n treinrit gaan, ken pappa die treindrywer?" "Nee", het hy geantwoord.
"En tog sit Pappa terug en geniet die verbygaande natuurskoon?" "Ja", het hy geantwoord.



"En as Pappa op 'n bus ry, ken Pappa die busbestuurder?""Nee, glad nie", het hy geantwoord.
"En tog sit Pappa terug en geniet die busrit?" "Ja, dis reg", antwoord hy toe.

En toe sê hy, "As Pappa dan die rit op die vliegtuig, en op die trein, en op die bus geniet, en Pappa sit terug en ontspan heerlik, en hulle is gewone mense wat Pappa nie eers ken nie, en pappa weet nie eers of Pappa veilig by Pappa se bestemming gaan uitkom nie.

En tog kan Pappa nie terugsit en ontspan as Pappa weet God is in beheer van Pappa se lewe en Pappa se eindbestemming nie?"En toe sê hy, "Pappa, sit terug en ontspan, vergeet van jou vrese en al jou bekommernisse.



God is die mees ervare Loods en Bestuurder van Pappa se lewe, en Hy ken Pappa persoonlik."
Waarom is jy vandag so vol stres en vrees? Sit terug, God is in beheer, en al wat jy moet doen is om Hom te vertrou. Hy is ten volle in beheer.

c. Waarom die Woord/Skrif hardop bid?

God wat ons ken en ons harte sien, hoor wel ook ons stil gebede, ons diepste versugtinge en ons innerlike "krete" wat ons soms nie uitspreek of kan uitspreek nie (dink bv. aan Hanna wat in die tempel net met haar lippe geprewel het!!), maar dit is intens belangrik om wel hardop te bid :

- Dit is God se Woord en dit kan nie ledig na Hom terugkeer nie! Hy is wakker oor Sy Woord om dit te volbring. (Jes. 55:11 en Jerm. 1:12)

- Nou kan Vader ook die engele uitstuur om hierdie Woord van God waaraan ons "stem "gegee het, te gaan volbring. Die engele kan slegs gebede beantwoord wat op die Woord gerig is (Ps. 103:20).

- Nou kan ons enige mede gelowige vra om saam met ons te stem oor 'n belofte wat die Heilige Gees vir ons vir 'n situasie gegee het. Die Woord verklaar: waar twee of drie saamstem, in geloof, oor enige saak, so sal dit wees.

- Dit is waar ons dan "**amen**" sê..so sal dit wees…want Amen **bevestig**, die betrokke Woord-belofte, in daardie persoon se lewe. Ons gees kom dus in ooreenstemming met die Heilige Gees, wat die Bybel (Woord) geskryf het, wanneer ons "amen" verklaar. Dit is baie kragtig, want dit aktiveer die Woord.

- God bevestig: "Sê vir hulle: So waar as **EK** leef, spreek die Here, waarlik, soos julle **voor my ore gespreek het**, so sal ek aan julle doen." (Númerie 14:28)

- **Dit versterk** ons eie geloof wanneer ons die Skrif hardop bid --- in geloof en in die Naam van Jesus Christus. **Jou ore hoor dit**:"Die geloof is dus uit die gehoor, en die gehoor is deur die Woord van God." (Rom.10:17)

- Ons **verstand word vernuwe** na God se wil, want **Sy Woord IS Sy wil** vir ons lewens.(Rom.12:2)

- En ons **OMGORD** ook sommer terselfde tyd die **LENDENE** van ons **VERSTAND**. (1Pet.1:13)



5. So terloops ....

a. Smous



Smous: "Mevrou ek verkoop hierdie nuwe stofsuier, kan ek demonstreer?"
"Nee", sê die vrou.
Voor sy kan keer gooi hy 'n emmer nat beesmis op die sitkamermat en sê: "As die masjien nie als opsuig nie vreet ek als op."
Die vrou gaan kombuis toe en kom terug met n bakkie suiker en gooi dit op die beesmis
Sy gee vir die verkoopsman 'n lepel en sê: "Begin solank eet boetie... hier is nie krag op die plaas nie!!!"

b. Meraai



Meraai: "Ek wonder watse geraas is hier langsaan."

Gatiep: "Ek dink dis iemand se verjaardag-paartie."

Meraai: "O, lekker – ek wonder wie s'n."

Gatiep: "Ek dink dis Tuyu se paartie."

Meraai: "Wie de joos is Tuyu en wat lat jou dink dis Tuyu se verjaardag-paartie, hè?"

Gatiep: "Ek het hulle gehoor sing 'Happy birthday, Tuyu'."

c. Mighty Men – Bosveld 2026



🔥 Mighty Men Bosveld 2026 🔥
Broers, die Here roep ons! 📆 30 Okt – 1 Nov 2026
📍 Plaas Uitkomst, Springbokvlakte,
Limpopo GRATIS TOEGANG EN KAMPERING
Bring seuns, vriende & pa's – tent, Bybel & hart vir Jesus. Aanbidding, boodskappe, kampvuur & egte manne-tyd. Vroue welkom Sondag.
Tag jou buddies: "Ek's in!" 💪

A1053707Registrasie op Quicket.
#MightyMenBosveld2026 #MMC2026

6. Beplanning vir volgende maande

MIDDELBURG		NYLSTROOM		DELMAS	
Ons bedien 1 x 'n maand in **Middelburg**, 'n Vrydag en Saterdag. **Om afspraak te reël in Middelburg, kontak vir Sarel Reinecke ✆ 084 429 7016**		Om afspraak te reël in Nylstroom, kontak vir **Sarel Reinecke ✆ 084 429 7016**		Maandae is ek in Delmas. Kontak persoon om 'n afspraak te reël: **Linn Swanepoel ✆ 072 400 6487**	
2026		**2026**		**2026**	
8 & 9	Mei	21 & 22	Mei	18	Mei
12 & 13	Junie	25&26	Junie	22	Junie
10 & 11	Julie	23 & 24	Julie	20	Julie
7 & 8	Augustus	20 & 21	Augustus	17	Augustus
4 & 5	September	10 & 11	September	21	September
2 & 3	Oktober	29 & 30	Oktober	26	Oktober
6 & 7	November	Geen Besoek	November	23	November
Geen Besoek	Desember	Geen Besoek	Desember	Geen besoek	Desember

7. Fisiese Wetenskap Aanlyn klasse



8. Afsluitings Gebed

Dankie Here God, dat U ons net weereens herinner om na alles in die lewe te kyk, deur die oë van die Heilige Gees, sodat ons Jesus se hart in alles kan sien. Ek loof en eer U daarvoor! Vader, laat U wil vir my lewe geskied en laat alles in my lewe wees tot eer en verheerliking van U Naam. Soos in die Hemel, net so ook op die aarde, want aan U behoort die koninkryk, die krag en die heerlikheid, tot in alle ewigheid.

In Naam van Jesus, my Verlosser. Amen.

Baie seëninge vir julle almal - Sarel & Gerda Reinecke

Elkeen se lewe het 'n getuienis om te gee

Geloof is nie sien en dan glo nie, geloof is glo eers en dan sal jy sien.

FAITH: Forward All Issues To God

